Preek
Sondag 22 Julie 2007
Ds Freddie Schoeman

Wou eintlik vandag oor Galasiërs praat. Intensiewe studie daaroor gemaak die afgelope paar dae – maar die rede hiervoor spruit voort uit 'n probleem wat ontstaan het. Wat my laat dink het hoe hanteer 'n mense probleme.

Skriflesing: Jakobus 1:2-6

2 My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3 want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. 4 En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming. 5 As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. 6 Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. 7–8 So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

Probleme is onvermydelik

Dis 'n feit van die lewe. Dit gebeur met almal van ons. Jy is nie alleen nie! M Scott Peck: "Life is difficult"

Probleme is onverwags / onvoorspelbaar

Gr: peripipto – "oorval". Kan nie presies voorspel wanneer dit gebeur nie. Gebeur gewoonlik wanneer jy nie gereed is nie. Maak dit baie ongerieflik en moeilik om te hanteer. Gewoonlik is jy besig met iets anders of op pad na iets anders. Inbreuk op jou normale lewe. Ruk jou uit jou gemaksone uit.

Probleme is verskillend van aard

"Allerlei" – poikilos. Veelkleurig. Grotes, kleintjies. (Klein kinders, klein probleme, groot kinders, groot probleme). Betreklik maklik, minder maklik. Sommiges gaan oor in krisisse.

Probleme is produktief

Positiewe houding: bly wees. Produseer positiewe resultate. Dit het waarde. Hoekom? Dis 'n toetsing. Loutering. Onsuiwerhede kom na vore. Kan sien watter dinge in jou lewe nog werk kort. Humeur, arrogansie, vooroordeel, aggressie. Sien dinge in jouself wat nie mooi is nie. Probleme lei tot:

- Volharding

Om nie sommer net tou op te gooi nie. Om deur te druk. Houding: probleme is daar om hanteer te word en opgelos te word.

Sonder om te kla. Negatief te wees.

Deursettingsvermoë.

Raak 'n gewoonte.

"Was al voorheen in so 'n situasie" (Voorbeeld van 'n sportspan wat 'n wengewoonte / - kultuur aanleer. Sal self wanneer hulle ver agter is nog steeds glo hulle kan inhaal en wen.)

Ontwikkel vaardighede en vermoëns.

- Geloofsvolwassenheid

[28] Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. [29] Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun (Rom 8:28-29)

God het ons konstant onder hande. Hy is besig om ons te vorm – sodat ons "gelykvormig" kan wees aan die beeld van sy Seun (soos Jesus). Probleme (wat vir ons 'n verleentheid is) word nou – God se geleentheid! 'n Geleentheid om in te bou in ons lewens, 'n geleentheid om ons dinge te leer (oor onsself, die mense rondom ons, die wêreld), 'n geleentheid tot insig.

Haal ons uit ons gemaksone uit. Noodsaaklik vir groei. Loop – konstant van balans af.

Soos wat Jesus met sy dissipels gedoen het. Vermeerdering van die brood. Gee julle vir hulle iets om te eet. Storm op die see. Loop op die water. Seun met die vallende siekte.

- Vertroue
- Geduld
- Deernis
- Gebed

Straf? God "straf" nie sy kinders nie. Hy help hulle deur die lewe. Probleme is nie straf nie. Dissiplineer / dra gevolge.

Probleemhanteringstrategieë:

- Wees bly!

Beteken nie jy moet opsrping en en juig van vreugde wanneer probelem jou tref nie. Nie: wees bly *omdat* nie – wees bly *wanneer*. Dank die Here in die situasie / te midde van die situasie. Basiese positiewe lewensingesteldheid.

- Bid vir wysheid

Om 'n oplossing vir die probleem te kry. Maar ook: insig in dit wat God jou wil leer. Nie waarom nie maar waartoe.

- Nie twyfel

God se bedoeling is altyd goed. Probleme kan ons van balans gooi en ons geloof negatief beïnvloed.